durbanville-bergsig gemeente · sy ligdraers

Bergsig Boodskap

15-30 November 2026

15 November 2026
NAGMAAL
Biddag Beskermingsdienste
9:00 @9 Diens & Glow Kidz
Ds. Mizelle Prinsloo
18:00 @6 Diens
Ds. Mizelle Prinsloo
(Ouditorium)
Deuroffer: VSCV

22 November 2026
9:00 @9 Diens (Ouditorium)
Ds. Wietsche Fourie
9:00 Glow Kidz (Saal)
Gr. 6 Totsiensdiens
Marinette Kilpert
18:00 @6 Diens
(Ouditorium)
Pieter Truter
Deuroffer: Borg-'n-Kamer

6 Desember 2026
Doop
TWEEDE ADVENT
9:00 @9 Diens (Ouditorium)
Ds. Mizelle Prinsloo
9:00 Glow Kidz
Afsluiting (Saal)
Marinette Kilpert
Deuroffer: Straatwerk

13 Desember 2026
DERDE ADVENT
9:00 Familiediens
(Ouditorium)
Ds. Mizelle Prinsloo
Deuroffer: Studiefonds

GEBEURE OORSIG:

17 Nov: Doopkategese
21 Nov: Spes Bona Uitreik
27 Nov: Seniors Bybelstudie
29 Nov: Kerssangdiens
30 Nov: Pak Koekies vir Kersfees

Die storie van 'n stokou moerbeiboom.

Diep in die groot Karoo, agter die Sneeuberge, op 'n plaas so oud soos tyd, grond geleen uit die Here se hand … daar staan die moerbeiboom langs 'n stroompie.

Hierdie boom het baie seisoene gesien, koue winters deurleef en hittige somers trotseer.

Hope vrolike, laggende kinders het in daardie takke geklouter, agter sappige soet moerbeie aan. Hul werk was ook om die spreeus te verwilder sodat die outydse vruggie gepluk kon word om mee moerbeikonfyt of stroop te maak.

Meer as 100 jaar staan die moerbeiboom daar. Van ouderdom het groot stukke van die boom afgebreek, maar dit het bly groei. Graag sou die boer dit wou kloon, maar die boom se steggies wou net nooit groei oor 56 jaar nie. Soms was daar wel 'n belofte van 'n botsel, maar dan gebeur daar niks verder nie.

Onlangs net voor 2020 probeer die boer weer. Die keer groei daar klomp steggies met oorgawe. Van die steggies word verplant na die Kaap van Storms.

Vir 'n wyle staan die steggies in houers. Een steggie begin weerbarstig uit sy nate groei en word uitgeplant in die grond. Vir 'n jaar of so staan die boompie stil.

Ewe skielik trek daardie boom weg en spog vanjaar met die eerste rooi vruggie. **Wat 'n vreugde dat die afstammeling vrug dra!!!**

"Hy is soos 'n boom wat by waterstrome van lewe geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie." Psalm 1.

Die groot opdragte gaan juis oor dit. Ons leef nie maar net hier nie, ons is deel van God se plan om Sy Koninkryk uit te brei. In Deuteronomium lees ons dat ons met ons kinders dag en nag hieroor moet praat van geslag tot geslag. Ons hou dit nie net vir onsself nie, maar deel dit met dié rondom ons. Verplant die boom sodat meer mense vrug kan dra. Dit bly belangrik dat die volgende generasie hierdie voorreg mag beleef.



Moerbeiboom afstammeling - Durbanville
(Die oorspronklike boom staan op die plaas Rondefontein ongeveer 38km vanaf Nieu-Bethesda)

Die meegaande storie is gegrond op 'n ware verhaal.



29 November 2026
EERSTE ADVENT
Biddag in aansluiting met wêreldvigsdag

9:00 & 19:00 KERSSANGDIENSTE
Ouditorium)
Deuroffer: Kos vir Kersfees
Gemeente Kuier na beide dienste
(Bring 'n lekker bordjie eetgoed saam asb.)

Bring KOEKIES VIR KERSFEES

Vanuit die uitreikekantoor:
Op ons Voorstoep
Bo-Kaap Gebedstap



Bergsig besoek elke jaar die Bo-Kaap. Die gebestap help ons om begrip te vorm van die lewenswyse daar. Foto bo: 'n opsomming van die dag.



WELGEGUND IS DANKBAAR

Welgegund Gemeenskap het 'n geseënde jaar beleef. Lidmate wat op die plaas woon en werk wil dankie sê dat hulle deel kon wees van die aktiwiteite van Bergsig Gemeente.

Vir die eerste keer was daar drie Nagmaal-dienste waargeneem deur Predikante en ons is dankbaar daarvoor.

Die jeug en skoolkinders het ses speelaande bygewoon. 'n Gemiddeld van 38 kinders was teenwoordig en 10 dames van die plaas het gehelp. Ds. Mizelle Prinsloo het twee keer in die skoolvakansie by die kinders op die plaas kom kuier en hulle bedien en bederf. Ds. Nelda Rousseau het die Erediens waargeneem waar ses tieners Belydenis van geloof afgelê het. Die skriflesing was uit Effesiërs 2 vs. 4-8 en vs. 19-22.

Haar Boodskap aan die katkisante was, dat hulle saam met Christus lewend gemaak is. Hulle lewens moet weerspieël dat hulle God se tempel is. Dit was 'n spesiale diens en 90 mense het dit bygewoon.

Daar is tans 48 Doop-en Belydende lidmate van Bergsig wat deel is van Welgegund Gemeenskap en hulle skakel in by Bergsig en help tydens die jaarlikse Basaar.

Dii. Nelda Rousseau, Mizelle Prinsloo, Leon Tait en Wietsche Fourie het gehelp met die Woordverkondiging.



Johan Wilsch, Dian Keyter (Gemeentejaar student) het ook hulp verleen met die bediening. Marinette Kilpert se Glow Kidz en hulle ouers het twee keer vanjaar Sondagskool aangebied en die kinders is met eet-en drinkgoed bederf. Die praktiese uitleef van julle almal se Christenskap op die plaas word opreg waardeer.

Foto van links na regs: Ds Nelda Rousseau, Rochelle Fredericks, Leandro Boois, Christin Fredericks, Jayden van Wyk, Jenico Fredericks, Gareth Fredericks en Rachel Hattingh.





Vanuit die uitreikekantoor:
Oor Grense Heen

Frontida Pala U Kersfees uitreik

Thailand - Frontida deel die blye boodskap van Kersfees. Daar is vreugde na die pakkies uitgedeel was tydens die Kersfees-uitreik by Pala U





Bergsig het gedien as 'n verkiesinglokaal en kon die bedryfsinkomste aanvul deur die verhuring.



Uitreikspanne het die verkiesingdag benut om kos te verkoop as fondsinsameling.



Ons gaan by Montagu Karavaanpark in Montagu kamp. Volg hierdie skakel om direk by die kampterrein te bespreek en te betaal, om jou plek te verseker. [Montagu Karavaanpark sal graag teen einde November/Middel Desember die meeste besprekings wil hê, om die lekkerste staanplekke vir ons te verseker.]

Die staanplekke wat voorlopig vir Bergsig uitgesit is, is 49 – 50, 52 – 56, 59 – 66, P1, P4 – P5. Huisies 5 – 6, 10 - 11

https://montagucaravanpark.co.za/

Gaan na die **"contact us"** blokkie en vul die aanlyn vorm daar in.

ONTHOU : NOEM BY DIE **"MESSAGE"** BLOKKIE DAT JULLE VAN NG DURBANVILLE-BERGSIG GEMEENTE IS.

Volg asseblief ook die volgende skakel om vir die geleentheid in te skryf. Hierdie vorm is vir Bergsig-rekords om te weet vir hoeveel volwassenes en hoeveel kinders daar voorberei moet word:

https://www.cognitoforms.com/NGKerkDurbanvilleBergsig/GemeenteKamp20272

LET WEL : JY MOET BERGSIG SE VORM VOLTOOI SOWEL AS DIREK BY MONTAGU KARAVAANPARK BESPREEK!





BOORGAT

Bergsig het onlangs belê in 'n boorgat. Ons hoop om toekomstige geslagte hiermee te seën.
Daar is op 81 meter water gekry teen 6500 liter water per uur.
Ons is baie dankbaar veral omdat so 'n warm somer voorlê. Die kerk gaan spaar op die maandelikse waterrekening.



Glow Kidz 4de kwartaal bedrywighede

Die Glow Kidz het omtrent gewoel en meer geleer van Jesus. Van Boeresport tot by die kersverhaal.





















2027 kom al nader en die jaartema is gefinaliseer ...

Leer leef soos Jesus

Matteus 6:33 rig ons

"Maar soek eers die Koninkryk van God en Sy geregtigheid en al hierdie dinge sal bygevoeg word."

Ons 2027 kalender word uitgedeel by die 29ste November se Kerssangdiensste. Die gevoel van die kalender neig na 'n mengsel van verbeelding en werklikheid, 'n outydse storieboek.

As Christen gebruik ons die mees oorspronklike boek om ons te rig, 'n boek vol ware verhale. Dis geen sprokie nie.

Dit is die Bybel waaruit ons leer leef soos Jesus.

Ons jaartema strek oor al 12 maande.

Elke maand met sy eie tema en beeld.

Daar gaan 'n skryf joernaal wees waarin jy jou notas kan maak, maar ook 'n digitale joernaal wat interaktief is.

Op die kalender het ons 'n paar bekende elemente behou. Die gedagte van die goue draad met 'n "twist" en die bekende lyntekeninge. Ons is opgewonde om saam met julle 2027 se geloofsreis verder aan te pak terwyl ons saam verdiep.

021 - 976 4107 www.bergsigdv.co.za kommunikasie@bergsigdv.co.za h/v Boland & Proteaweg Durbanville, 7550

Kantoorure: Ma-Vry 8:00 - 14:00 Leraars & Personeel kan daagliks besoek/gebel word by kantoor

Bankbesonderhede:

NGK Durbanville-Bergsig, ABSA, Rek no. 1410590154

Snap here to pay SnapScan

scan to donate now zapper donate with VISA and many more www.zapper.com